Bid

“In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, dankseggінge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.” 1 Timótheüs 2:1-2

Bekeer

“En my volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die Hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.” 2 Kronieke 7:14

Bestraf die Bose

“en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.” Efésiërs 5:11

Verbeter die Gemeenskap

“Julle sien die nood waar ons in is, dat Jerusalem woes lê en sy poorte met vuur verbrand is; kom, laat ons die muur van Jerusalem opbou, dat ons nie langer ‘n voorwerp van smaad kan wees nie.” Nehemía 2:17

Soek Geregtigheid

“hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg...” Jesaja 1:16-17

Opponeer Goddelose Regeerders

“U is op die weegskaal geweeg en te lig bevind.” Daniël 5:27

Onderhou Christelike Standaarde

“Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.” Matthéüs 5:13

Maak dissipels van die Nasies

“... maak dissipels van al die nasies... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” Matthéüs 28:19

Kies Godvresende Leiers

“Maar kies jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat. En stel dié aan oor hulle...” Exodus 18:21

Ons Wil hê dat God ons Nasie Seën. Daarom soek ons ‘n burgerlike regering wat:

God erken as die hoogste bron van **outoriteit**.

Bybelse beginsels toepas as basis vir alle **wette**.

Daartoe verbind is om die **reg op lewe van die onskuldiges,** insluitend ongebore babas, te handhaaf.

Liefde en besorgdheid betoon vir ons naaste deur menswaardigheid en morele standaarde toe te pas.

Mense **beskerm** teen die uitbuiting en mishandeling van pornografie.

Misdaad keer deur tydige en gepaste strawwe vir misdadigers.

Ouerlike verantwoordelikheid vir die **onderwys** van hul kinders respekteer en dus ook ouerlike outoriteit oor skole, onderwysers en handboeke.

Basiese beginsels wat God seën. Dit is waarvoor ons moet staan:

Die Bybel as die geopenbaarde Woord van God; volmaak en volledig, geïnspireerd en onfeilbaar.

Die Goddelikheid van ons Here en Redder Jesus Christus *“God uit God. Lig uit Lig. Ware God uit Ware God: eniggebore nie gemaak nie, van een wese met die Vader Deur Hom is alle dinge gemaak.”* (uit die Niceense Konsilie).

Verlossing deur die **Genade** van God alleen, gebaseer op die **Versoeningsbloed** van Christus se kruisdood op Gólgota, ontvang deur

Geloof

.

Godsdiensvryheid

Die **Reg op Lewe** van ongebore babas.

Die Reg op **Menswaardigheid**.

Die Reg op **Beskerming** teen die uitbuiting en misbruik van pornografie.

Christelike **Verantwoordelikheid** om “sout en lig” in die samelewing te wees, om God te eer en ons naaste lief te hê.

Die heerskappy van Christus in alle areas van die lewe. ***“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.”*** Matthéüs 28:18

Die vervulling van **Christus se Groot Opdrag** om **“...*dissipels van al die nasies (te maak) ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”***

Matthéüs 28:19

“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie... Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid...” Jesaja 8:20, 9:5-6

Die boonste artikel is geneem uit die ***Bybelse Beginsels vir Afrika*** *boek, geskryf deur*

dr. Peter Hammond.

Om meer te sien oor die oorspronklike Engelse weergawe, ***Biblical Principles for Africa****, klik*

hier
.

Albei boeke kan verkry word vanaf:

Christian Liberty Books

Hulpbronne vir Hervorming en Herlewing

Posbus 358 Howard Place 7450 Pinelands, Kaapstad, Suid-Afrika

Tel: 021 689 7478 Faks: 086 551 7490

admin@christianlibertybooks.co.za "> admin@christianlibertybooks.co.za

www.christianlibertybooks.co.za